

SARS en DTIC skenk tonne gekonfiskeerde klerasie, komberese en skoeisel aan vloedslagoffers

Tshwane, 8 Junie 2022 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en die Department van Handel, Nywerheid en Kompetisie (DTIC) het saamgespan om tonne gekonfiskeerde klerasie, komberese en skoeisel aan vloedslagoffers in KwaZulu-Natal (KZN), Oos-Kaap, Noord-Wes en die Vrystaat te skenk.

Die inisiatief, genaamd Projek Sizani (wat 'ons almal help' beteken), is bymekaargebring na die verklaring van 'n noodtoestand deur president Cyril Ramaphosa in reaksie op die onlangse swaar reënval en vloede in hierdie provinsies.

SARS het met die idee vorendag gekom om gekonfiskeerde klerasie, komberese en skoeisel beskikbaar te stel, wat normaalweg streng gereguleer word deur die Wet op Doeane, nr. 91 van 1964, geadministreer deur SARS, en die Wet op Nagemaakte Goedere, geadministreer deur DTIC, asook 'n 2009- en 2020-NEDLAC-ooreenkoms wat stipuleer dat gekonfiskeerde goedere vernietig moet word om ontwrigting aan die Suid-Afrikaanse mark te verhoed.

Dit is belangrik om te weet dat SARS, op sy eie, nie in 'n posisie is om 'n operasie van hierdie grootte, vanuit 'n wetgewende of operasionele perspektief, te kan uitvoer nie. 'n Reeks skakelings en goedkeurings deur verskeie sleutel regerings- en ander eksterne belanghebbendes, asook hul direkte betrokkenheid, is vereis om dit moontlik te maak.

Dit het ingesluit, 'n eenmalige afwyking van die NEDLAC-ooreenkoms, soos ooreengekom gedurende 'n vergadering met sleutel-belanghebbendes in die klerasie-, tekstiel-, skoeisel- en leerindustrie (CTFL) om die skenking van bepaalde CTFL-goedere, wat gekonfiskeer is en aan SARS verbeur is, moontlik te maak aan die slagoffers van die erge weersgebeurtenisse van April 2022.

Uitvoer van die operasie

Die uitvoer van die operasie is gelei deur 'n regeringstaakspan wat spesifiek vir hierdie doelwit saamgestel is. Hierdie span is in noue samewerking met die nasionale rampbestuurskomitee om inligting en leiding te bekom oor sake van gemene belang, en ook om die pogings van die skenking van goedere in ooreenstemming met die groter regeringbegeleide program te bring. Die taakspan is verantwoordelik vir die bestuur van die prosesvloei en om te verseker dat daar behoorlik rekening gehou word van die geskenkte goedere. Die verspreiding word streng gemonitor deur die noue werksverhouding op grondvlak met die Department van Maatskaplike Ontwikkeling (DSD) en die skuilings wat tans mense huisves.

Insette van die KZN-premierskantoor is gebruik om die operasionele plan vir die skenkings te ontwikkel, wat die prosesbestuursbeginsels uiteensit, soos hoeveelhede in verhouding tot die bevestigde aantal mense in nood, asook bestuursprosesse om die hele skenkingswaardeketting te beskerm.

Daarby, het die provinsiale Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Aangeleenthede (COGTA), deur sy rampbestuurstrukture, 'n hoofrol gespeel in die voorbereidings vir die skenkingsproses, terwyl die betrokkenheid van georganiseerde arbeid en die CTFL-industrie, as sleutel-belanghebbendes, belangrik geag word met elke stap van die projek om die prosesse te monitor en te verseker dat enige risiko's, wat plaaslike besigheid kan skade berokken, aangespreek word. Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Skeepsoperateurs en -agente (SAASOA) het gehelp met die vervoer van die laaikiste na die pakhuis in Durban, vanwaar verspreiding plaasvind.

Loodsprogram

Vanweë die kritiese nood vir komberse in eThekweni, het die uitrol van 'n loodsprogram vir skenkings verlede week in KZN begin. Tydens die sewedagloodsprogram, word nagenoeg 1 612 komberse geskenk aan bepaalde vloedslagoffers by skuilings in eThekweni, soos deur die KZN-premierskantoor geïdentifiseer. In totaal is meer as 35 806 gekonfiskeerde komberse/duvets uitgewys vir verspreiding na die geaffekteer rampsgebiede in die land.

Die proses van skakeling met die Oos-Kaap en Noord-Wes het begin en is voorgenome om 'n replika te wees van die KZN-operasies.

SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter het alle regeringsdepartemente, wat saamgewerk het om so 'n groot bydra te lewer om die vloedslagoffers te help, bedank. Hy het gesê: "Ons hoop en glo dat hierdie gebaar van welwillendheid ver sal strek om die lyding te verlig wat deur hierdie natuurlike rampspoed veroorsaak is. Die komberse, veral nou tydens winter, sal 'n verskil vir almal maak".

- Vir navrae of onderhoude, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.
- Om 'n fotogeleentheid te reel, kontak asseblief Mhlaba Memela, woordvoerder van die KZN Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, by mhlaba.memelazamo@kzndsd.gov.za.